



NUUSBRIEF VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS
NEWSLETTER OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY

JG 34, NR 2
 VOL 34, NO 2

Desember 2017
 December 2017

NEWS/NUUS

Dit is vir my 'n riem onder die hart om gereelde nuusbrokkies rakende die werksaamhede van beide die **Voortrekkermonument** in Pretoria, en die Erfenisstigting (ES) te ontvang. Die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronne Agentskap het reeds in 2011 dié monument en terrein as 'n Nasionale Erfenisterrein geklassifiseer. Die besondere argitektoniese eienskappe van die argitek Gerhard Moerdijk se Art Deco-struktuur, dien as 'n groot trekpleister vir toeriste na Pretoria. Uit nuusberigte is dit sigbaar dat beide Cecilia Kruger en Estelle Pretorius saam met hul span kundiges nie net die kultuurerfenis van die Afrikaner bewaar nie, maar ook kultuur- en erfenistoerisme in Suid-Afrika suksesvol op Monumentkoppie in Pretoria bestuur en bemark. Volgens Estelle (ES) word hierdie monument deur om-en-by 160 000 toeriste jaarliks besoek, waarvan slegs 45% van besoekers plaaslik is. Van die 55% internasionale besoekers kom ongeveer 15% uit Europa (meestal Nederland, Duitsland en Frankryk), en 40% uit Sjina. In 1985, as Inligtingsbeampte van die Voortrekkermonument, het ek die voorreg gehad om een van die beeldhouers Hennie Potgieter te ontmoet. Hy het saam met Peter Kirchhoff, Frikkie Kruger, Laurika Postma, Ernst Ullman en Anton van Wouw klei- en gipsmodelle in volle grootte van die historiese vries gemaak en verskeie straaltes oor hulle werksaamhede oorvertel. Veral inligting oor die twee jaar (1947-1948) se kapwerk deur steenkappers uit Italiaanse marmer, onder sy en Postma se toesig in Italië.

'n Besoek aan die Voortrekkermonument is gevolglik 'n besondere ervaring vir my, my familie en besoekers: die ysterhek, terrazzo-laermuur (marmer-en-sementmengsel), die bronsbeelde, granietbeelde, kiaathoutdeure, historiese marmerfries, marmer en granietvloere, Belgiese glasvensters, asook die senotaaf waarop die son jaarliks op 16 Desember om 12 uur skyn. Dit is veel meer as net 'n museum of 'n monument, daar word kunsuitstallings, musiekkonserte, nagbesoeke, fietswedrenne, marathonne, en markte gehou. Op die terrein is ook die ES se versamelings, 'n argiefbewaarpark en biblioteek vir navorsers. 2018 is die 80ste herdenking van die Voortrekkermonument se hoeksteenlegging op 16 Desember 1938.

Claudia Gouws

Claudia.Gouws@nwu.ac.za

NUUS UIT DIE RAAD

Prof. Mathilda Burden het bevestig dat die SAVK Raad, tydens die Algemene Jaarvergadering wat in Oktober 2017 in Graaff-Reinet plaasgevind het, Pétria de Vaal as bemarker op die raad gekoöpteer het. Haar missie is om die SAVK as vereniging, maar ook al sy bedrywighede, so wyd as moontlik bekend te stel. Die plan is om kongresse, die tydskrif en Sonnerad op *facebook* te adverteer. Sy het onderneem om 'n spesiale *facebook*-blad vir die SAVK skep. Die doel is om vakverenigings van verwante dissiplines te nader om inligting oor die SAVK aan hulle lede bekend te maak asook kongresorganiseerders van ons jaarlikse nasionale kongres te vra om die lede van die plaaslike publiek wat die kongres bywoon, aan te moedig om ook aan te sluit. Burden het voorts alle lede gevra om binne hul eie kenniskringe bemerking vir die SAVK te doen. As 50% van ons lede werk maak daarvan en elk twee lede werf, dan sal ons ledetal verdubbel! Sy vra almal se samewerking in die verband.

Voor die kongres het lede gestem vir 'n nuwe raad, wat soos volg lyk:

Voorsitter:	Matilda Burden (Stellenbosch)	mb4@sun.ac.za	082 771 8278
Ondervoorsitter:	Marianna Botes (Bloemfontein)	mbotes@nasmus.co.za	083 264 2710
Sekretaris:	Petra Luus (Pretoria)	petra@es.org.za	012 325 7885
Ledesekretaris:	Celeste Rossouw (Pietermaritzburg)	celrossouw@gmail.com	082 392 0495
Tesourier:	Leonie Marais-Botes (Pretoria)	leoniembotes@gmail.com	082 576 6253
Tydskrif-redakteur:	Elize van Eeden (Pretoria)	Elize.VanEeden@nwu.ac.za	082 752 8839
Akkreditasie:	Anton van Vollenhoven (Pretoria)	antonv@archaetnos.co.za	083 291 6104
<i>Sonnerad</i> -redakteur	Claudia Gouws (Vereniging)	Claudia.Gouws@nwu.ac.za	079 4666 207
Suidelike Streektak:	Annemarie van Zyl (Wellington)	ammievanzyl@cornergate.com	083 230 6911
Bemarker:	Pétria de Vaal-Senekal (Louis Trichardt)	petria@devaalanddevaal.co.za	082 555 1672
Addisionele lede:	Alana Bailey (Pretoria)	alana@afriforum.co.za	086 102 0030
	Annemarie Carelsen (Pretoria)	acarelsen@gmail.com	082 808 0529
	Estelle Pretorius (Pretoria)	navorsing@es.org.za	084 337 9505

HERITAGE AND MUSEUM NEWS/ERFENIS EN MUSEUMNUUS

Prof. Mathilda Burden het die volgende inligting aangaande die uitstallings in die US Museumgestuur. Die Universiteit van Stellenbosch vier in 2018 sy eeufees. Die Universiteit het uit die Victoria Kollege, wat reeds in 1878 ontstaan het, ontwikkel. Waar sommige universiteite in Suid-Afrika eeufees gevier het 'n honderd jaar na die ontstaan van die kollege wat hulle universiteit vooraf gegaan het, het Stellenbosch besluit dat dit die ontstaan van die universiteit self is wat herdenk moet word. Reeds in 1890 het die Superintendent-generaal van onderwys in die Kaapkolonie, Sir Langham Dale, gesê dat

daar 'n behoefte aan 'n universiteit was wat die nodige teoretiese en praktiese onderrig kon bied. Meer as 'n dekade later het John X Merriman, Eerste Minister van die Kaapkolonie, die mening uitgespreek dat die Victoria Kollege die geskikste instansie is vir omskakeling na 'n universiteit. Na vele ondersoeke asook verskillende gewysigde wetsontwerpe is daar in 1915 'n voorstel na die Minister van Onderwys gestuur om 'n universiteit uit die Victoria Kollege te stig. Die voorstel het groter oorweging geniet nadat dit bekend geword het dat mnr. JH Marais van Coetzenburg die bedrag van £100 000 vir die stigting van 'n universiteit nagelaat het. Die omskepping van die Victoria Kollege in die Universiteit van Stellenbosch is bevestig met Wet no. 13 van 1916. Dié wet het in werking getree op 2 April 1918 toe die Universiteit van Stellenbosch met groot feesvieringe amptelik geopen is. In 2018 word die eeufees op velerlei wyses gevier. In die Universiteitsmuseum sal daar vier uitstallings wees wat op die eeufees betrekking het, naamlik **Universiteit Stellenbosch: verlede hede toekoms**. Hierin is onder meer 'n skaalmodel van Kollegeplein in 1900, wat die Ou Hoofgebou insluit, 'n lang paneel met hoogtepunte van tien dekades en 'n groot grondplan van die kampus wat al die geboue met liggies aandui. Die uitstalling **Bloemhofskool – herinneringe**, belig die rol van die gebou waarin die Universiteitsmuseum gehuisves is en wat in 1907 as Bloemhof Meisieskool opgerig is. Dit sluit ook onderhoude op video met verskeie oudleerders van die skool in, wat hulle herinneringe van die skool en die gebou deel. Die onderhoude is ingebou in 'n program op 'n aanraakskerm. Die derde uitstalling, **100 Artefakte**, sal eers later vanjaar open en sal 'n honderd artefakte wat een of ander verbintenis met die universiteit het, uitstal, elk my sy eie storie.



Skaalmodel van Kollegeplein, Stellenbosch, 1900 (foto: Prof Mathilda Burden)

Further to this, **Forward? Forward! Forward...** is a crowdsourced centenary exhibition of 100 artworks depicting the future of Stellenbosch University and higher education in South Africa. An open call for artists was made to submit artworks covering selected themes. The main aim of the exhibition is to depict how the future will look like in the next hundred years. This exhibition will open towards the end of 2018.

Prof. Anton C. van Vollenhoven het vir ons die volgende inligting oor die 120 jaar feesvieringe van **Fort Klapperkop** gestuur. Fort Klapperkop is een van vier forte wat kort voor die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) deur die ZAR regering gebou is. Die taak van die forte was om as verdedigingstelsel vir Pretoria te dien. Klapperkopfort is op 18 Januarie 1898 voltooi.

Tussen 18 en 21 Januarie is die 120 jaar herdenkingsgeleentheid gevier. Op Donderdag die 18de is 'n lesing in verband met die geskiedenis van die forte van Pretoria aangebied en op die 19de was die terrein tot 8 nm oop sodat besoekers die sonsondergang op hierdie geografiese hoogste punt in Pretoria kon geniet. Saterdag 20 Januarie was daar groot bedrywighede. Dit het verskeie lesings, rondleidings, volksdansen, 'n vlagparade en vlooiemark ingesluit. Die hoogtepunt was die oorhandiging van 'n groeteboodskap vanaf die Erfenisstigting aan André Strydom, wat reeds vir 20 jaar by die fort werksaam is. Dit is opgevolg deur die afvuur van 'n kanon om 12 nm (foto aangeheg). Die verrigtinge is afgesluit op Sondag 21 Januarie met 'n erediens en verdere lesings en rondleidings. Ons is dankbaar vir die Stad Tshwane (Pretoria) se Museumdiens vir hierdie wonderlike geleentheid.



Die afvuur van 'n kanon 20 Januarie 2018 Fort Klapperkop (foto: Prof Anton C. van Vollenhoven)

Emile Coetzee (NWU Mafikeng kampus) het inligting oor twee nuwe historiese terreine in die Noordwes provinsie gestuur. Die een terrein is vir die ontslape ANC/SAKP kader, JB Marks en die ander een vir die voormalige staatshoof, Jacob Zuma. Dié terreine weerspieël die lewe, of net 'n spesifieke gebeurtenis in die lewe, van 'n ANC/SAKP kader. Die een terrein is vir die ontslape ANC en SAKP leier, John Beaver (JB) Marks in Ventersdorp opgerig. Marks, 'n opgeleide onderwyser, is in 1903 in Ventersdorp gebore. As gevolg van sy lidmaatskap aan die Kommunistiese Party van Suid-Afrika (KPSA) is hy uit sy onderwyspos ontslaan. Hy het gevolglik in party sake betrokke geraak en was aktief in die ondergrondse planne van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) en die African National Congress (ANC) in die voormalige Transvaalse provinsie. Hy is in 1972 in Moskou oorlede as gevolg van natuurlike oorsake. Hierdie Ventersdorp historiese terrein bestaan uit 'n monument van JB Marks met twee duiwe wat op sy arms rus. Verder is Marks hier herbegrawe en die spesifieke historiese foto (waarop die monument gebaseer is), kan op die grafsteen gesien word. Die monument is deur die voormalige staatshoof, Jacob Zuma, onthul. Die terrein is geleë op Yssel straat wat die informele nedersetting Tsing met Ventersdorp verbind en toegang is gratis.



JB Marks historiese terrein koördinate: -26.323836, 26.809549 (foto: www.enca.com)

Die tweede terrein is 'n monument wat die arrestasie in 1963 van die voormalige staatshoof, Jacob Zuma, naby Groot Marico herdenk. Die monument bestaan uit 'n steenvoetstuk met 'n beeld wat deur 'n Ystersmid van Krugersdorp gemaak is. Die beeld is 'n konkawe staalpype-staander wat 'n bal, waarop Zuma se gesig ingegraveer is, omhoog hou. Die lewensverhaal van oud-President Zuma word deur middel van nege

panele wat rondom hierdie beeld staan, uitgebeeld. Die monument, sal die middelpunt van die ontwikkelende historiese terrein by voltooiing wees. Daarby is 'n uitstalruimte op die terrein wat tans leeg staan, asook 'n polisie vangwa (alhoewel nie 'n historiese korrekte een nie) wat die arrestasie uitbeeld. 'n Tradisionele dorpie is op die terrein in aanbou. Die historiese terrein is sigbaar vanaf die N4 hoofweg, by die afdraai na die dorp Groot Marico. Toegang is ook gratis.



Die Jacob Zuma-arrestasie historiese terrein koördinate: -25.593289, 26.420341 (Foto: www.news24.co.za)

SUKSESVOLLE PROJEKTE

Estelle Pretorius, Senior Bestuurder: Navorsing en Inligting van die **Erfenisstigting** (ES) het vir ons die volgende inligting aangaande die erfenisstigting se werksaamhede gestuur.

Eerstens is die George Angas-uitstalling, 'n versameling van George Frensch Angas (1822-1886) se kunswerke is in 2017 deur die Departement Toerisme aan die Voortrekkermonument geskenk. Angas, 'n Britse ontdekkingsreisiger, natuurkundige en talentvolle kunstenaar, het Suid-Afrika in die 1840's besoek. Die kunswerke spruit uit sy reise in Natal en die Kaap gedurende 1846, waar hy vir twee jaar gebly het en aan 'n reeks tekeninge en skilderye gewerk het. Daar is uitbeeldings van Kaapstad, Wynberg, Genadendal, Paarl en Somerset-Wes, asook van die tradisionele leefwyse van die Zulu, asook Khoi- en Maleier-kleredrag. Hy het hierdie versameling in 1849 tesame met waardevolle etnografiese en natuurkundige beskrywings en inligting oor elke kunswerk gepubliseer. Die Angas-versameling is tans op uitstalling in Galery 20/20 op die Voortrekkermonumentterrein in Pretoria. Vir meer besoekersinligting kontak Roelien Fourie by (012) 3266770.

Tweedens is daar ook nuus uit die ES-Argief. Hierdie argief het in Januarie 2018 verskeie skenkings ontvang, o.a. Eerstedagherdenkingskoeverte en seëls, 1938-Eeufesherdenkingskoeverte en 'n aandenkingsvlaggie wat tydens die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949 te koop was. Die argivarisse is ook besig om verskeie interessante foto-skenkings in die versameling op te neem, wat o.a. handel oor die Anglo-Boereoorlog, vroeë Pretoria en die 1942 Marabastad-onluste. Estelle en haar span kundiges versoek die publiek om enige foto's en ander dokumentasie wat verband hou met die volgende temas aan die ES se argief te skenk:

- * Hoeksteenlegging, inwyding en ander gebeure by die Voortrekkermonument
- * Bloedrivier-, Winburg- en Paardekraalmonument (en gepaardgaande gebeure)
- * Geloftefeeste (landswyd)
- * Kerkenberg, Retiefklip/Kaalvoetvrou, Karel Landman-monument, Louis Tregardt Gedenktuin (Maputo); Bloukransmonument

Derdens is daar ook nuus uit die ES-biblioteek. Die biblioteek het onlangs 'n pragtige skenking boeke van dr. Celestine Pretorius ontvang. Dr. Pretorius was voorheen verbonde aan die Departement Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria. Sy het besondere inligting oor kuns en kultuur oor die jare versamel, en van hierdie boeke is in dié versameling opgeneem. Die ES-biblioteek is voorts besig om sy teenwoordigheid as navorsingsentrum wyer bekend te stel. 'n Projek is geloots om die biblioteekversameling aan WorldCat (internet-voertuig) te koppel. Hierdie projek word moontlik gemaak deur die Suid-Afrikaanse Biblioteek- en Inligtingsnetwerk (Sabinet), waarvan ons lid is. Die GGSA begin weer in Februarie met hulle maandelikse vergaderings by die Erfenissentrum. Die biblioteek sal dus Saterdag 10 Februarie van 10:00-14:00 oop wees. Vir verdere inligting besoek www.es.org.za, of kontak die volgende landlyne (012) 325 7885 / (012) 323 9050.

Volgens die Besturende Direkteur, me Cecilia Kruger (tel: 012 326 6770) bd@vtm.org.za was 2017 'n besondere goeie jaar by die **Voortrekkermonument** in Pretoria. Die geloftediens op 16 Desember 2017 het goed afgeloop ten spyte van die feit dat hulle probleme met krag ondervind het a.g.v. kabeldiefstal die vorige nag, en ± 7 500 mense het die dag se verrigtinge bygewoon. Sommige besoekers moes buite om die Monument sit, omdat dit vroeg reeds vol was. Veral die getal jong mense wat bygewoon het, was verblydend. Donasies wat ingesamel is, sal vir die voltooiing van die laermuur se restourasie, in 2018, aangewend word. Volgens Cecilia vier die VTM in 2018 ook die 80ste herdenking van die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument. Benewens die bestaande jaarlikse gebeure, sal daar 'n paar uitsonderlike funksies plaasvind. Hierdie inligting is op hulle webtuiste, www.vtm.org.za onder Jaarlikse Gebeure gelys.

Die eerste van vier nagbesoeke hierdie jaar aan die Monument vind op 1 Maart plaas. Indien u dit wil meemaak, bespreek asb. so gou moontlik aangesien daar net 'n beperkte aantal persone per besoek toegelaat word. Kontak asb. vir Thea by bemarkingsbeampte@vtm.org.za Indien u die nagbesoeke wil meemaak, of 'n Vriend van die Monument wil word.



Die Voortrekkermonument in Pretoria (foto: Estelle Pretorius)

KORT KURSUSSE OOR KULTUUR EN ERFENIS

Prof. Matilda Burden, dosent in kultuurgeskiedenis, erfeniskonsultant, museumkundige, navorser en spreker bied die afgelope tien jaar kort kursusse aan deur die Universiteitsmuseum van Stellenbosch. Die kursusse handel oor 'n verskeidenheid van onderwerpe binne die veld van kultuur en erfenis, soos: inleiding tot museumkunde; erfenisbewaring; argitektuurstyle; meubelkunde; en piktorale africana. Dié kursusse is geakkrediteer en kandidate sal sertifikate van bywoning of bevoegdheid ontvang. Die duur daarvan is drie dae (15 uur) per kursus. Die gewone tarief is R2000-00 per persoon per kursus, maar oor die afgelope jare het die maatskappy Historiese Huise van Suid-Afrika Bpk. twee kursusse per jaar geborg, sodat elke kandidaat slegs R300 betaal het. Indien daar 'n behoefte in u omgewing is vir die aanbod van enige van hierdie kursusse

(verkieslik twee direk na mekaar binne een week), kan daar gereël word dat Historiese Huise dit moontlik borg. Die eerste plek (museum, dorp of bestemming) wat daarvoor aansoek doen, sal oorweeg word vir die borgskap. Daar word drie tot vier kursusse per jaar aangebied en dit bly steeds baie gewild en die terugvoer van kandidate is baie positief. Indien u belangstel om kursusse in u omgewing te huisves, kontak Matilda Burden by mb4@sun.ac.za.

By die Noordwes-Universiteit (NWU) se Vaalkampus word vanaf 2018 naas die Geskiedenis modules, ook voorgraadse modules in Erfenis en Kultuurtoerisme aangebied. Verder spog die NWU met die volgende 2017-studentegetalle vir Geskiedenis voorgraadse modules (eerste tot derde jaar): 380 studente by die Potchefstroomkampus, 365 by die Vaalkampus en 347 by die Mafikengkampus, 'n totaal van 1092 voorgraadse geskiedenisstudente!

KONFERENSIES/FUTURE CONFERENCES

Arrangements for the National Congress of the SASCH 2018 are in full swing. We would like to remind you of the following particulars with regard to the conference:

PLACE: PILGRIM'S REST, MPUMALANGA PROVINCE

VENUE: ENVIRONMENTAL EDUCATION CENTRE

DATE: 25-26 May 2018

THEME: In 1718 the first machine gun was patented. The weapon was used with devastating consequences during the First World War that ended in 1918. In contrast to this the well-known Christmas Carol "Silent Night" was composed in 1818 and the former President of the Republic of South Africa, Nelson Mandela, was born in 1918. The year of 1918, however also saw the outbreak of the Great Flu Epidemic that killed thousands of people worldwide and in South Africa. Many other historical events can be linked to the date 2018. The theme of the congress therefore is "the rites of passage". Traditionally the following is regarded as "the rites of passage": Birth and baptism; Courting and marriage; and Death and burial. Almost any aspect of ordinary life can be linked to these three rites. War for instance is a period when many people die and illness (such as the flu epidemic) also cause many deaths. The birth of Mr Mandela and the creation of the well-known carol can be linked to birth. Even politics are MOLDED according to these rites. There will also be a GENERAL session where other themes will be addressed.

THE HISTORICAL ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA (HASA) will host their biennial conference.

DATE: 20-22 June 2018.

HOST: Department of History, University of the Free State.

VENUE: Black Mountain Leisure & Conference Hotel, Thaba Nchu, South Africa.

THEME: Miracles and Mirages: The fall of the oldest and rise of the newest South Africa ... and beyond

For information and details, please visit the HASA website at <http://www.hgsa.co.za>.

PUBLIKASIES

As joernalis en skrywer het Marthinus van Bart 10 jaar lank navorsing gedoen vir sy publikasie “Kaap van Slawe”. Hierdie kleurrik geïllustreerde hardebandboek sluit onthullings oor die Britse slawebedryf en die geheimhouding daarvan in, en handel ook oor die wit Ierse weeskinders. Die boek kan direk van die skrywer bestel word deur 0727405203 te skakel of ’n e-pos na kultuurkroniek@gmail.com.

Dr. P. Rathore (Journal of Advances in Social Science and Humanities) ISSN: 2395-6542. Send us a call for Papers – February Issue – 2018. Authors are invited to submit papers for the upcoming February Issue – 2018, for online Submission visit online Submission or you can directly mail to editor@jassh.in. The journal publishes research papers in the fields of humanities and social science such as anthropology, business studies, communication studies, corporate governance, criminology, cross-cultural studies, demography, development studies, economics, education, ethics, geography, history, industrial relations, information science, international relations, law, linguistics, library science, media studies, methodology, philosophy, political science, population Studies, psychology, public administration, sociology, social welfare, linguistics, literature, paralegal, performing arts (music, theatre & dance), religious studies, visual arts, women studies and soon.

Emile Coetzee vra ons lede om *Eensgesind*, potgooi episodes wat jou inlig, te ondersteun. Hy het die volgende inligting gestuur: Die daaglikse lewe is ook so gejaag dat al hoe minder mense tyd kry om na televisie programme te kyk of om ’n koerant behoorlik te bestudeer. Tog kan hulle na radiouitsendings, oudioboeke of na ’n spesifieke potgooi opname deur bekendes en/of deskundiges luister terwyl hulle motor bestuur, oefen of loop. Potgooi episodes, is die perfekte platform om deskundiges gratis na die breër publiek te bring. Deur middel van deskundiges opnames, kan intekenaars behoorlike kommentaar oor enige kontemporêre of historiese saak kry. Eensgesind.com is ’n platform waar daar juis op die huidige oomblik opnames beskikbaar is aangaande die krisis in Suid-Afrikaanse museums asook die treurige situasie rakende Suid-Afrikaanse monumente. Deur ’n *Smartfoon* kan ’n persoon op *Eensgesind* inteken deur middel van ’n “app” soos *Castbox®* of *Stitcher®*. Soek vir *Castbox®* op *Google Playstore®*. Wanneer jy dit vind, kan jy gratis *Castbox®* aflaai, vir *Eensgesind* klankleërs soek, en dan by die diens inteken. Verbruikers wat met ’n Apple *iPhone®* werk kan *Eensgesind* klankleërs vind op *Apple iTunes®*. Alle opnames en artikels kan ook op die webtuiste (www.eensgesind.com) gevind word. Dit is Eensgesind.com se wens dat u die opnames en artikels vindingryk sal vind en dat u dit sal oorweeg om ’n opname **oor u eie deskundigheid** vir die breër publiek in die nabye toekoms te maak. Kontak vir Eensgesind.com via hul webtuiste.

EENSGESIND
JOU VRYE TYD VENNOOT

DANKBETUIGINGS/REWARDS

Ons gelukwense gaan aan van ons bekende SAVK-lede wat in 2017 hul PhD's in Geskiedenis verwerf het, naamlik Natie de Swardt en Ockert Stander beide van George. Natie het in Oktober 2017 sy doktorsgraad in Geskiedenis, met spesialisasie in Kultuurgeskiedenis, van die Noordwes-Universiteit ontvang. Sy promotor was die huidige voorsitter van die SAVK, Prof. Matilda Burden. Die titel van sy proefskrif is: Standard Bank 1862 tot 1940: 'n kultuurhistoriese kontekstualisering van die metafisiese en verbandhoudende kultuurkomponente. Die proefskrif is 'n kontekstualisering van kulturele dimensies, waarvoor die mikrokosmos van Standard Bank van Suid-Afrika as studieveld gedien het. Klem is gelê op die verband tussen geestelike prosesse en die ontstaan van tasbare voorwerpe, soos die bankgebou wat as simbool moes dien van die beeld van die bank. Die bestaan en belang van die metafisiese dimensies van kleredrag, optrede van bankbeamptes, banknote en wissels as simbole van transaksies en die grondslag van vertroue waarop die bankwese gegrond was, is onder meer geanaliseer. Die invloed van die omgewing, fisies en sowel as ekonomies, polities, en militêr, is ook in die proses verreken. Die studie gee nuwe insig in die direkte verband tussen die metafisiese en fisiese kultuurskeppinge, in hierdie geval as deel van 'n bankkultuur.



Dr. Natie de Swardt

Ockert Stander, ook van George, het sy PhD in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met promotor prof. Wessel Visser. Hy het die graad in Desember 2017 ontvang. Sy onderwerp is: Die voorkoms van wit armoede in Oudtshoorn tussen 1914 en 1937. Die studie ondersoek historiese, omgewings- en sosio-ekonomiese faktore in die arm wit gemeenskap van die tyd tussen 1914 en 1937. Emosionele kwessies, soos die vernederende minderwaardigheidsgevoel en klasseverskille wat dit ten opsigte van onderwys en die kerk meegebring het, is belig. Daarby is staatsingrepe op die terrein van onderwys, bosbou, spoorweë, besproeiing en landbou ten opsigte van armoedeverligting ontleed. Ook die gekontroleerde en gestruktureerde wyse waarop die kerk, as bron van hulp tot oorlewing, armes se materiële nood aangespreek het, is aan die lig gebring. In samewerking met die staat het die kerk maatskaplike probleme soos onderwysopheffing kon aanspreek.



Dr. Okkie Stander en sy vrou Annie

INLIGTING/INFORMATION

Cecilia Kruger, Hoof Uitvoerende Beampte, van die Erfenisstigting se Navorsingstrust het op 5 Februarie 2018 in 'n mediaverklaring aangekondig dat aansoeke ingewag word vir die toekenning van fondse aan verdienstelike navorsers. Die teikendatum vir die indiening

van aansoeke is 30 Maart 2018. Die Erfenisstigting, 'n maatskappy sonder winsmotief, het Die Navorsingstrust in 2005 opgerig met die volgende doel:

“...om sonder winsbejag, in samewerking met ander belanghebbende instansies, navorsing rakende enige Afrikaner- en Afrikaansverwante aangeleenthede, in die breedste sin van die woord en in die breër Suid-Afrikaanse konteks, te inisieer, uit te voer, te befonds en te koördineer, ten einde te verseker dat die fondse wat vir die doel bekom word, optimaal bestuur en benut word”.

Fondse vir gevorderde studie oor Afrikaner- en Afrikaansverwante onderwerpe is beskikbaar. Aansoeke van die volgende aard sal nie vir befondsing oorweeg word nie, nl. fiksie, familiegeskiedenis (wel oor genealogie as 'n wetenskap), kongresbywoning en kapitale projekte. Die oorwegende faktor is dat navorsing aan streng akademiese vereistes moet voldoen. Die navorsingsresultate moet in Afrikaans wees. Persone wat om befondsing van navorsing wil aansoek doen, kan die nodige vorms bekom deur met mev. Estelle Pretorius te skakel by (012) 323 9050 of navorsing@es.org.za. Slegs aansoeke wat teen 30 Maart 2018 ontvang is, sal vir moontlike befondsing oorweeg word.

Hiermee wil ek aan ons SAVK lede meedeel dat die Suid-Afrikaanse tydskrif vir Kultuurgeskiedenis Jaargang 31 deel 2 Des 2017 in die proses van versending is. Ek wil 'n beroep op ons lede doen om adresveranderinge by ons Ledesekretaris Celeste Rossouw (Pietermaritzburg) 0823920495 of celrossouw@gmail.com op datum te bring.

Lede word aangemoedig om te akkrediteer. Vorms is beskikbaar by dr Anton van Vollenhoven by antonv@archaetnos.co.za.

Ons wil u herinner aan die lidmaatskapshernuwings vir 2018. Die vorm is in die agterblad van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*. Indien u, u betaling gedoen het, e-pos asseblief 'n skandering van u vorm asook van die bewys van betaling aan Celeste Rossouw by celrossouw@gmail.com.

Ons soek altyd nuus van die museums en bewaringsorganisasies, en nuus van ons lede. Foto's is natuurlik welkom. Daar word 'n beroep op lede gedoen om inligting en foto's, personalia/uitnemende werk met betrekking tot Kultuurgeskiedenis/museums en erfenissake vir ons volgende Sonnerad (Junie 2017) aan Claudia Gouws Claudia.Gouws@nwu.ac.za te stuur.

Hierdie uitgawe van die Sonnerad is saamgestel en versorg deur Claudia Gouws

<p>Die Sekretaris SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis Posbus 11403 Hatfield 0028, RSA petra@es.org.za</p>		<p>The Secretary SA Society for Cultural History PO Box 11403 Hatfield 0028, RSA petra@es.org.za</p>
---	---	---